higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

NKR-VLAK 3

29 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

RIGLYNE VIR NASIENERS

1. Nasieners word daaraan herinner dat sommige aspekte van Lewensvaardighede wyd geïnterpreteer kan word en daarom 'n reeks korrekte antwoorde kan hê. Verkeerde antwoorde moet egter nooit as korrek gemerk word nie.

2. Nasieners moet hul diskresie gebruik wanneer hulle nasien. Studente se antwoorde moet geassesseer word binne die konteks van hul lewenservarings.

3. Inhoud moet nagesien word, nie grammatika nie.

4. Vir die meeste vrae word verskeie voorbeeldantwoorde gegee. Dit dien as 'n riglyn vir die tipe reaksie wat vereis word. Nasieners moet noukeurig deur al die verskillende voorbeeldantwoorde werk om 'n gevoel te kry van die tipe aanvaarbare antwoorde.

5. Nasieners moet die puntetoekenning per vraag noukeurig nagaan en streng volgens hierdie puntetoekenning nasien.

   LET WEL:
   (2 × 1) beteken daar moet TWEE antwoorde en EEN punt per antwoord toegeken word.
   (1 × 2) beteken TWEE punte word vir EEN antwoord toegeken; eenwoordantwoorde is nie voldoende nie.

6. Waar studente versoek word om 'n paragraaf te skryf, te beskryf, te bespreek, te verduidelik en advies te gee, mag eenwoordantwoorde nie aanvaar word nie.

7. Dankie dat u noukeurig, streng en regverdig nasien. Die handhawing van 'n hoë standaard help om die status van hierdie belangrike vak te verbeter.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 C
1.3 C
1.4 D
1.5 D

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Waar✓
Dit staan in die Handves van Menseregte, Hoofstuk 2 van die Grondwet dat alle mense in alle situasies gelyk behandel moet word.✓
Om regverdig en gelyk behandel te word, is deel van die Menseregte wat elke mens het, want hulle is menslik.

2.2 Onwaar✓
Die werkgewer of die KVBA hanteer enige werkplekverwante kwessies soos boeliegedrag en diskriminasie.✓
OF
Die Verenigde Nasies hanteer sake wat verband hou met menseregte , die skending van hierdie regte en die bevordering van maatskaplike vooruitgang.

2.3 Onwaar✓
Wanneer 'n mens die basiese stappe van probleemoplossing gebruik, moet jy eers definieer/bepaal wat die probleem is. ✓
OF
Wanneer 'n mens die basiese stappe van probleemoplossing gebruik, is die laaste stap om 'n aanvaarbare of moontlike oplossing te ontwikkel/voor te stel.

2.4 Waar✓
As jy iemand in die oë kyk, wys jy vir die persoon dat jy niks het om weg te steek nie, jy is nie skaam nie.✓
Wanneer mens met mense kommunikeer, moet jy oogkontak oefen; dit wys 'n mens se selfgelding en hoe ernstig 'n mens oor die situasie is.

2.5 Waar✓
As jy deur iemand beledig is, moet jy met hulle praat en eers probeer om die probleem op te los.✓
Jy moet die persoon kans gee om die situasie reg te stel en nie agter hul rug skinder nie.
Wanneer jy die “situasie” verder wil neem, kan jou werkgewer jou vra of jy met die persoon gepraat het om hulle kans te gee om die situasie reg te stel.

Kopiereg voorbehou

NOTA aan nasieners: EEN punt vir waar/onwaar, en EEN punt vir rede. As waar/onwaar verkeerd is, is die rede wat verskaf word ook verkeerd. Studente kan nie die vraag gebruik as die "rede" nie. (5 × 2) **[10]**

VRAAG 3

3.1 I
3.2 G
3.3 E
3.4 A
3.5 C
3.6 B
3.7 L
3.8 J
3.9 H
3.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 arbitrasie
4.2 neiging
4.3 bemiddeling
4.4 resussitasie
4.5 stereotipe

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1
- Jou vriende moedig jou aan om te studeer en goed te doen op universiteit
- Jou vriende help jou om in jouself te glo deur jou te ondersteun om vir kompetisies in te skryf.
- Vriende help jou om jou persoonlike standaarde te verhoog en moedig jou aan om vir jouself en teen ander op te staan.
- Vriende help om jou gedrag te verbeter deur die regte dinge te doen soos klas toe te kom en assesserings betyds in te gee.
- Vriende wat 'n mens beïnvloed om te doen wat reg is, soos om afknouery aan te meld, dwelmmisbruik, ens, maak nie saak hoe moeilik dit vir jou is nie.

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (3 × 1) (3)

5.2
- Ek kan op 'n duidelike en selfgeldende manier "nee" sê.
- Ek kan alternatiewe aktiwiteite voorstel vir ons om te doen.
- Ek kan daarop wys dat die gedrag gevaarlik is en dat daar gevolge daarvoor sal wees.
- Ek kan vir myself opstaan, omdraai en wegstap.
- Ek kan duidelik stel dat ek nie gemaklik is met wat beplan word nie en ander vriende soek.

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (3 × 1) (3)

5.3 5.3.1
- Ek dink nie so nie, en dit maak nie saak nie.
- Ek is nie almal nie, en ek weet dit is nie reg nie.

NOTA aan nasieners: Enige toepaslike antwoord wat toon die persoon is selfgeldend. (1)

5.3.2
- ek sal weet
- Ek leef volgens my standaarde

NOTA aan nasieners: Enige toepaslike antwoord wat toon die persoon is selfgeldend. (1)

5.3.3
- Ek glo in myself en ek ken my vermoëns.
- Ek is slim en beslis in staat om enigiets te doen.

NOTA aan nasieners: Enige toepaslike antwoord wat toon die persoon is selfgeldend. (1)

5.3.4
- Ek beskou myself as 'n wenner en gee nie om wat jy sê nie.
- Ek is onafhanklik en in staat om enigiets te doen wat ek beplan.

NOTA aan nasieners: Enige toepaslike antwoord wat toon die persoon is selfgeldend. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 6.1.1

- Hou jou asem op of draai weg wanneer iemand naby jou hoes/nies.
- Was jou hande gereeld met seep.
- Volg 'n gesonde dieet, kry genoeg slaap en oefening om jou immuunstelsel te versterk.
- Dra 'n chirurgiese masker wanneer jy met 'n TB-pasiënt in aanraking kom.
- Maak vensters oop en maak seker jy is in 'n goed geventileerde ruimte.
- Vermy oorvol ruimtes sonder vars lug.

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (2 × 1) (2)

6.1.2

- Nagsweet
- Bloed in jou spoeg wanneer jy hoes
- Moegheid
- Herhalende hoes wat langer as drie weke aanhou
- Borspyn
- Hoë koors
- Ervaar pyn/ongemak wanneer asemhaal
- Gewigsverlies
- Koue rillings

(2 × 1) (2)

6.1.3 Opportunistiese infeksies, soos TB, trek voordeel uit die liggaam se verswakte immuunstelsel en kom meer gereeld en ernstig voor.

Tuberkulose (TB) word as 'n opportunistiese infeksie beskou omdat dit voordeel trek uit 'n verswakte immuunstelsel en infeksie kan veroorsaak by mense met MIV of ander immuunverswakte toestande.

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (1 × 2) (2)

6.2
- Seksuele aktiwiteit
  Kontak met die besmette persoon se semen, vaginale of rektale vloeistowwe in enige vorm van fisieke seksuele aktiwiteit
- Kontak met bloed
  As 'n persoon 'n oop wond het en hulle kom in kontak met 'n persoon se besmette bloed sal die persoon aansteek
- Deel van naalde
  Oordrag deur die deel van naalde en spuite met 'n MIV-besmette persoon, veral mense wat dwelms gebruik en nie nuwe naalde gebruik nie.
- Tussen moeder en baba tydens swangerskap, bevalling en borsvoeding
  ’n Vrou wat swanger is en nie antiretrovirale medikasie gebruik nie, kan die virus na haar ongebore kind oordra
- Toerusting of prosedures
  Tandheelkundige prosedures, chirurgie en kinderbevalling kan onveilig wees as een van die partye MIV-positief is en dit nie reg bestuur word nie.

NOTA aan nasieners: EEN punt word toegeken vir die metode/wyse van oordrag, EEN punt toegeken vir verdere verduideliking
'n Metode kan slegs een keer gebruik word

(Enige 3 × 2) (6)

6.3
- Maak ‘n lys van voor- en nadele

Met hierdie metode kan ek al die voordele en nadele neerskryf van die moontlike opsies en al die alternatiewe opweeg.

- Besluitnemingsproses

Kry al die inligting wat ek nodig het om die besluit te neem, deur vrae en raad te vra. Skep 'n lys van al die moontlike oplossings, vergelyk die moontlike uitkomste en kies 'n opsie wat ek dink die beste sal wees

- Besluitboom

Ek kan 'n boom teken aangesien elke deel van die boom 'n ander deel verteenwoordig van die besluit wat ek moet neem:
  - wortels = die belangrikheid van die besluit/effek wat dit sal hê
  - stam = die besluit wat geneem moet word
  - takke = opsies en keuses beskikbaar
  - blare = resultate van elke opsie of keuse
  - vrugte = keuse of opsie wat jy gekies het

- Swot-analise

Ek kan 'n tabel teken waar ek die volgende aspekte van my kan evalueer besluit:
  - Wat maak dit 'n goeie of beter besluit? (sterkpunte)
  - Wat is die slegte dinge of nadele van hierdie besluit? (swakhede)
  - Watter voordele hou hierdie besluit vir my in? (geleenthede)
  - Met hierdie besluit is daar enige gevare wat ek moet oorweeg? (bedreigings)

- Breinkaart

Ek kan die besluit wat ek moet neem neerskryf met 2 opsies in die middel van 'n bladsy en die effek of resultaat van elkeen neerskryf/teken.

- Die tabelmetode

Ek kan 'n tabel gebruik om opsies stap vir stap te ontleed, die tabel sal help om verskillende opsies en hul effek te oorweeg. Dan sal ek die beste opsie kan kies.

NOTA aan nasieners: EEN punt word toegeken vir die metode van besluitneming
EEN punt toegeken vir verdere verduideliking

(Enige 2 × 2) (4)
[16]

VRAAG 7

7.1 Korrupsie is die misbruik van openbare hulpbronne of openbare mag vir 'n mens se persoonlike gewin.

NOTA aan nasieners: Moenie voorbeelde van korrupsie aanvaar nie

(1 × 2) (2)

7.2
- Die gebruik van iemand anders se kredietkaart, ID of bankbesonderhede
- Nie skuld terugbetaal nie en van die toneel verdwyn
- Om mense uit hul geld te swendel in 'n kaartspeletjie
- Mislei 'n koper oor die kwaliteit van 'n produk
- Toekenning van lenings aan mense wat nie kan bekostig om dit terug te betaal nie
- E-posswendelary

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (3 × 1) (3)

7.3
- Dit ontbloot onregmatige dade en bring deursigtigheid in die werkplek/samelewing
- Deur die regte ding te doen stel jy 'n goeie voorbeeld vir ander mense om dieselfde te doen
- Dit kan help dat korrupsie gesmoor word en om te help dat die geld doeltreffend gebruik word en waarvoor dit bedoel was
- Dit kos jou niks om die regte ding te doen nie en kan reëls en wetgewing vir oortreders verbeter
- Kry resultate en dra by tot 'n meer stabiele ekonomie

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (3 × 2) (6)

7.4 7.4.1 SQ3R-metode
Breinkaarte
Vloeidiagramme
Geheue-oefeninge met modelle

NOTA vir nasieners: Die studietegnieke wat gegee word, moet geskik wees vir visuele leerders (2 × 1) (2)

7.4.2 SQ3R-metode
Maak opsommings
Vergelykende studie
Geheue-oefeninge

NOTA vir nasieners: Die studietegnieke wat gegee word, moet geskik wees vir kinestetiese leerders (2 × 1) (2)

7.4.3 SQ3R-metode
Geheue-oefeninge met musiek
Hardop en herhalende leeswerk
Neem dosente of self op en speel dit terug

NOTA vir nasieners: Die studietegnieke wat gegee word, moet geskik wees vir ouditiewe leerders (2 × 1) (2)

7.5 7.5.1 Links **OF** Regs (1)

7.5.2 Kenmerke van LINKERbreindominansie:

- Goed in tale
- Wys nie maklik emosie nie
- Hou daarvan om met syfers te werk
- Goed met analitiese, kritiese en logiese denke
- Reageer beter op instruksies wat mondelings gegee word
- Verskille in dinge is belangrik
- Verkies kortantwoordvrae in die eksamen
- Baie goed georganiseer en gestruktureer
- Wanneer 'n besluit geneem moet word, word alles in ag geneem
- Hulle dink voor hulle iets doen
- Verkies om reëls en skedules te volg

OF

Kenmerke van REGTERbreindominansie:
- Volg hul gevoel
- Weet as mense vir hulle jok
- Hou van vrae in eksamens waar opinies gevra word
- Intuïtief
- Spontaan
- Bedagsaam
- Subjektief
- Kreatief
- Druk emosies uit
- Hou van musiek/ kleur /beeld
- Reageer beter op instruksies wat gedemonstreer word
- Ooreenkomste in dinge is belangrik

NOTA vir nasieners: Die kenmerke moet verband hou met die antwoord wat die student in 7.5.1 verskaf het (2 × 1) (2)

[20]

VRAAG 8

8.1
- Wanneer iemand onregverdig behandel word net omdat hy of sy manlik of vroulik is.
- Wanneer iemand onregverdig behandel word omdat hy of sy nie aan die sosiale of kulturele standaarde vir ‘n bepaalde gender voldoen nie.

NOTA vir nasieners: Moenie voorbeelde as korrek aanvaar nie (1 × 2) (2)

8.2
- Betaal vroulike werknemers minder as manlike werknemers
- Om te sê 'n sekere werk of taak is vir ‘n bepaalde gender, byvoorbeeld net vroue kan 'n teedame wees
- Maak stereotipiese stellings soos: mans is stadig
- Om iemand in diens te neem op grond van hul geslag
- Vroue word nie bevorder nie omdat hulle gesinne tyd vereis.
- Slegs enkelma's kan babas/kinders aanneem

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (3 × 1) (3)

8.3
- Voer veldtogte oor genderdiskriminasie sodat alle burgers hul regte ken
- Borg werkswinkels waar mense kan leer hoe om selfgeldend te wees en hulself te verdedig wanneer hulle die slagoffer van genderdiskriminasie is
- Hou opleidingsessies met werkgewers oor die toepaslike dissiplinêre stappe indien daar 'n voorval van genderdiskriminasie is, hetsy berading, verbale waarskuwing, skorsing
- Hersien die huidige wette en riglyne van die Wet op Arbeidsverhoudinge om meer beskerming aan slagoffers van genderdiskriminasie te bied
- Raadpleeg die KVBA en Arbeidshof om te verseker dat indien 'n werkgewer nie 'n probleem kan oplos nie, die proses by hulle maklik is om te volg en te verstaan

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (2 × 2) (4)

8.4 Onproduktiewe werkgedrag is verkeerd omdat dit vertragings sal veroorsaak vir die voltooiing van belangrike projekte. ✓Werknemers sal produkte en dienste van 'n lae gehalte produseer, wat onregverdig teenoor kliënte is. ✓Werknemers word betaal vir die werk wat hulle nie goed gedoen het nie, of vir die werk wat hulle glad nie gedoen het nie. ✓Daar sal geen respek en welwillendheid onder medewerknemers wees nie.✓

- Dit gee die maatskappy 'n slegte naam
- Veroorsaak 'n verlies aan as gevolg van die verlies aan werktyd en hulpbronne

NOTA aan nasieners: VIER punte word toegeken vir punte om die stelling te ondersteun en EEN punt toegeken vir antwoord wat in 'n paragraaf aangebied word

(4 × 1)
(1) (5)
[14]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C

VRAAG 9

9.1
- Koerantadvertensies
- Werkswebwerwe / LINKEDIN, Indeed
- Werwingsagentskappe
- Werkgewer se eie webwerwe
- Staatspublikasies
- Kennisgewingborde
- Internet / Facebook-groepe

(Enige 3 × 1) (3)

9.2
- 'n PDP kan 'n persoon help met hul eie persoonlike groei en ontwikkeling van hul loopbaan
- 'n PDP is gestruktureerde hulpmiddel om jou te help om die leemtes in jou vaardighede te identifiseer en reg te stel
- Dit berei 'n mens voor vir die veranderinge en eise in jou onmiddellike toekoms.
- Verbeter 'n mens se prestasie, beide persoonlik en akademies
- Berei mens voor vir die verwagte veranderinge en eise op die lang termyn

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (2 × 2) (4)

9.3
- Deur te werkskadu het sy 'n geleentheid om haar netwerk van professionele kontakte uit te brei
- Deur te werkskadu kan sy bepaal of hierdie werk iets is wat sy regtig wil doen
- Werkskadu sal haar ook die geleentheid gee om te sien of daar vaardighede en vermoëns is wat sy nog nodig het vir hierdie spesifieke werk
- Dit help werknemers om in hul rolle te groei
- Dit wys mense wat bevorder gaan word wat die nuwe pos behels
- Dit berei iemand voor om na 'n nuwe pos oorgeplaas te word

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (3 × 2) (6)

9.4 9.4.1
- Verspreiding van gerugte oor 'n mens se kollegas (skinder)
- Nie betyds by die werk wees nie (laat kom)
- Om nie die werk te doen wat mens veronderstel is om te doen nie
- Spandeer tyd aan private oproepe, laai flieks en musiek af gedurende werksure
- Trek een werknemer bo ander voor (begunstiging)
- Neem ekstra lang tee/middagete pouses

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (3 × 1) (3)

9.4.2 Ek verbind myself tot die volgende waardes wanneer ek werk:
- Eerlik/betroubaar
- Hardwerkend/toegewyd
- Stiptelik/Geen uitstel nie
- Geen misbruik van werkhulpbronne nie
- Geen luiheid
- Betroubaar

NOTA aan nasieners: DRIE punte toegeken vir die verskillende waardes; EEN punt vir die uitleg van die etiese kode

(3 × 1)
(1) (4)

9.5
- Buitelandse beleggers is bang om in ons land te belê wat tot minder werkskepping lei
- Roof die land van hulpbronne wat alle burgers behoort te geniet
- Die land raak minder mededingend in globale markte
- Die vertroue tussen die mense en die staat word vernietig, mense sal minder risiko neem en dit sal 'n impak op die ekonomie hê
- Individue raak meer depressief en negatief oor die toestand van die land, en dan moet die staat vir meer mediese uitgawes betaal om hulle te help
- Ons geld word waardeloos in vergelyking met wêreldmarkte omdat ons land nie met die geld vertrou word nie
- Toename in beurtkrag en swak infrastruktuur rondom kan daartoe lei dat toeriste nie Suid-Afrika kom besoek nie

ENIGE RELEVANTE ANTWOORD (2 × 2) (4)

9.6 Sibonise moet kies by watter organisasie sy die korrupsie wil rapporteer, byvoorbeeld Corruption Watch, Valke, ens. ✓Dit is belangrik dat sy so breed as moontlik verduidelik watter korrupsiedaad plaasgevind het en hoe dit gepleeg is. ✓Sy moet daarop let wie by hierdie korrupsie betrokke was. ✓Sy moet besonderhede verskaf oor wanneer en waar die korrupsie plaasgevind het. ✓As sy enige bewyse het, is dit belangrik dat sy 'n afskrif daarvan maak en die bewyse aan die organisasie verskaf om hulle te help om 'n saak te bou.✓

NOTA aan nasieners: VYF punte word toegeken vir die verduideliking van die proses en EEN punt vir die antwoord wat in 'n paragraaf aangebied word.

(5 × 1)
(1) (6)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120